

## Graad 5

### 5.1 Ons visie vir Graad 5

**Hierdie gids vir Graad 5 is nie 'n beleidsdokument nie. Elke klas is anders, verskillende onderwysers bied vakke verskillend aan, en die riglyne wat hierin vervat is, is dus nie rigied nie.**

Graad 5 is die middelste jaar van die Internediare Fase. Die kinders is teen die tyd al gewoon aan vakonderrig, aan toetse en take, en aan klaswisseling wat alles nog nuut was in Graad 4. Die werkslading in Graad 5 is heelwat meer as in Graad 4, en die fokus is op die ontwikkeling van selfstandigheid om die groter volume te hanteer. Ons wil hulle voorberei vir die Senior Fase (Graad 7), en hulle moet daarom leer om onafhanklik te wees en om self verantwoordelikheid te neem ten einde selfstandig te wees.

Dit beteken dat Graad S's moet begin om self verantwoordelikheid te neem (bv vir toetse en take), en moet begin om hul eie program te organiseer en beplan. Ouers en onderwysers speel egter steeds 'n sterk ondersteunende rol hierin.

Dis ook die jaar wat ons van die kinders verwag om regtig te begin nadink oor hul optrede en hul keuses, en lewenslesse te leer.

### 5.2 Assessering in Graad 5

(Sien asseblief die Akademiese- en assesseringsbeleid op die webwerf vir meer besonderhede:

<http://www.jvrprim.eo.za/fi1es/Akademiese%20en%20Asseseringsbeleid.pdf>)

- Ons volg die amptelike assesseringsprogram (KABV), en die kinders kry verskeie geleenthede om punte op te bou. Ons probeer om assesserings in klastyd te doen sodat Graad S's self hul werk doen wat weer aansluit by ons visie van selfstandigheid. Assessering is 'n integrale deel van die onderrig siklus, omdat dit aan onderwysers uitwys waar daar probleme is wat aangespreek moet word.
- Ouers kry elke kwartaal 'n deeglike uiteensetting waar die punt op die verslag vandaan kom. Elke Woensdagoggend is daar 'n periode wat gebruik word vir formele assesserings. Dit kan 6f 'n toets, 6f 'n taak wees. Vir die take wat tydens die toetsperiodes gedoen word, ontvang die kinders die opdrag (sowel as die aspekte wat geassesseer gaan word) sowat 'n week voor die tyd, en moet hulle dan inligting insamel om saam te bring en die taak tydens die toetsperiode te doen (tensy hulle niks van die huis af hoef te bring nie, dan ontvang hulle die opdrag op die dag). Die inligting wat ingewin word moet in Afrikaans wees, aangesien daar nie tyd is vir vertaling in die toetsperiode nie.
- Daar is ook take wat by die huis gedoen moet word. Die opdragte hiervoor word sowat 3 weke voor die inhandigingsdatum gegee, en kinders moet dan al die werk by die huis doen.

### 5.3 Huiswerk in Graad 5

- Ons fokus hierdie jaar om 'n verminderde huiswerkbeleid op die proef te stel.

- Onderwysers kontroleer dat huiswerk wel gedoen is, maar merk dit nie formeel nie. Die huiswerk word in die klas gemerk deur die Graad S's onder leiding van die onderwyser, en hulle bring dan veranderinge en verbeteringe aan.

#### **5.4 Ouers se rol in Graad 5**

- Om aan te sluit by ons visie moet ouers 'n ondersteunende rol speel en nie 'n leidende rol nie. Kinders moet aangemoedig word om self hul take en huiswerk te doen. Ouers se hulp kan ingeroep word vir ondersteuning en afronding, maar ouers moet nooit die werk namens hul kind doen nie - dit is baie duidelik vir onderwysers wanneer dit die geval is, en dis van geen opvoedkundige waarde nie, aangesien die kind niks daaruit leer nie.
- Die werkslading in Graad 5 is aansienlik meer as in Graad 4. Kinders moet dus leer om self te beplan en huiswerk af te skryf ten einde selfstandig te wees.
- Hulle moet aangemoedig word om self hul tasse te pak, maar ouers moet seker maak dat die regte boeke ingepak is.
- Ouers moet vertrou dat onderwysers die belange van die kinders eerste stel en ten voile toegerus is om ons werk te doen.
- Gesonde kospakkies is regtig belangrik sodat die kinders genoeg van die regte soort energie het om te konsentreer.

#### **5.5 Kinders se rol in Graad 5**

- Graad S's word aangemoedig om volle verantwoordelikheid te neem vir huiswerk, toetse en take.
- Ons verwag van die kinders om respek vir hulself, hul omgewing en ander te he.
- Hulle moet leer om te beplan, te organiseer en om voorbereid te wees.
- Hulle moet die regte boeke inpak - dis regtig baie moeilik vir onderwysers om 'n samehangende les te gee as 'n klomp van die kinders se boeke by die huis is.

## 5.6 Onderwysers se rol in Graad 5

Onderwysers in Graad 5 poog om die kinders te help om selfstandig te raak. Ons as onderwysers probeer om 'n inklusiewe klaskamer atmosfeer te skep waarin hulle gemaklik kan wees, vry kan wees om hul eie opinies te lewer, ander te respekteer, te leer en te lag. Ons moedig hul aan om:

- die beste persoon te wees wat hul kan wees
- ander te respekteer
- altyd hul beste te lewer
- mekaar se opinies te respekteer
- selfstandig te wees en verantwoordelikheid te neem vir hul optrede.

## 5.7 Addisionele klasse in Graad 5

Die standard by JVR is reeds hoog, en ekstra klasse as 'n reel is dus nie nodig nie. Van die buitekurrikulere akademiese programme plaas druk op die kinders, en beklemtoon vaardighede wat nie regtig van belang is in die laerskool nie (bv werk teen tyd).

Op Woensdag- of Donderdagmiddae bied Mnr Van der Bank ekstra Wiskundeklasse aan vir kinders wat 'n spesifieke probleem ervaar. Hy nooi die kinders uit na die klasse.

## 5.8 Die kurrikulum in Graad 5

Ons volg die nasionale kurrikulum, maar elke onderwyser gee ook aanvullende werk vir verryking en beter onderrig.

Volgens die KABV is daar ses vakke in Graad 5:

### 5.8.1 Afrikaans Huistaal

Ons gebruik die P/atinum-handboeke met aanvullende notas en materiaal. Daar word gefokus op die volgende areas:

- **Luister en Praat:** Hierdie vaardighede word deurentyd onderrig en getoets. Daar word ten minste een formele luister- en mondeling assessering per kwartaal gedoen. Graad S's kry die geleentheid om hul tuis voor te berei vir die mondeling/rolspel/boekverslag/aanbieding. Die ouer moet eerder 'n ondersteunende rol speel as 'n leidende rol. Hulle ontvang 'n matriks wat presies sal aandui wat geassesseer gaan word.
- **Lees:** Verskillende tekste word gebruik. Voorbereide of onvoorbereide lees word elke kwartaal geassesseer. Kinders word aangeraai om 'n minimum van 1 goeie Afrikaanse boek per kwartaal te lees. Soms word hierdie boek ook gebruik vir 'n mondelinge of skriftelike boekverslag. Lees word aangemoedig - minimum van 'n halfuur per dag!  
Begripslees van 'n verskeidenheid tekste word gewoonlik ingesluit by alle toetse en eksamens.
- **Skryf:** 'n Minimum van twee formele assesserings van verskillende tekste word elke kwartaal gedoen. Graad S's voltooi hierdie take in die klas en ouers mag geen rol hierin speel nie. Verskeie ander skryftake word in die klas gedoen - ouers kan gerus hier help met redigering sodat hulle 'n ondersteunende rol kan speel in die ontwikkeling van die leerder se

skryfvernoe. Die skryf van gedigte maak ook 'n genotvolle deel uit en hier kan ouers gerus 'n ondersteunende rol speel. Die kinders geniet dit vreeslik!

- **Taalstrukture en konvensies:** Daar word elke kwartaal twee formele assessering gedoen, hetsy 'n toets of eksamen. Al die belangrike notas wat die leerders nodig het vir hul voorbereiding is in hul "belangrike notas" boek. Die handboek kan as ondersteunend aangewend word. Aanvullende lysste van spel- en woordeskat (idiome ens.) word saamgestel en word ook getoets. Gereelde klastoetse oor hierdie lysste word geskryf en ouers moet asb. hul kinders aanmoedig om hulself deeglik voor te berei vir hierdie toetse. Dit speel 'n kardinale rol in die ontwikkeling van skryf.

Die volgende boeke en portefeuljes word ingespan:

- **Portefeulje:** Alie formele assessering word in die klas gestoor. Ouers is altyd welkom om te kom kyk daarna ! Die memorandum van toetse word deeglik behandel en verbetering word aangebring sodat dieselfde foute nie weer gemaak word nie. Aan die einde van die kwartaal word al die assessering (gebind) huis toe gestuur sodat u kan kyk daarna.
- **Belangrike notas - boek:** Hierdie boek is al wat nodig is vir voorbereiding vir toetse en eksamens. Soms som die Graad S's self die werk op of die notas of spellyste word ingeplak.
- **Klaswerkboek:** Alie werk wat in die klas gedoen word wat nie formeel geassesseer word nie, word in die boek gedoen. Kinders merk hul eie werk of 'n maat se werk (antwoorde word gegee) en die onderwyser kontroleer die boeke. Baie klem word gele op die raaksien van jou eie foute en die verbetering daarvan.
- **Beplanningsboek:** Die Graad S's gebruik hierdie boek vir die beplanning van hul skryfwerk/groepwerk/mondeling ens. Soms word klastoetse ook hierin geskryf.

### 5.8.2 Engels Eerste Addisionele Taal en Huistaal

The English programme is designed to develop critical and creative thinkers -young people who are able to become confident leaders in society. The aim is to create a supportive environment where each child will be valued and respected individually. Our children must be empowered to communicate with confidence in a changing and challenging world.

We strive to create a classroom environment that promotes the full personal and academic development of all children, regardless of race, class, gender, disability, religion, sexual preference, learning styles and language. The English Department will ensure that children meet and exceed the required standards through structured and organised lessons. Our aim is to provide a basis for various language activities and to introduce the necessary language skills to enhance sound creative thinking.

Laerskool Jan van Riebeeck offers English at First Additional Language level in Grades 1-4, and English Home Language and English First Additional Language from Grades 5-7. The top performing Grade 4 children are formally assessed according to the CAPS guidelines in the third and fourth term to determine the candidates for English Home Language in grade 5. Extension activities, of one hour per week, will be provided to these candidates during the third and fourth term of grade 4. This approach is taken to enhance their language skills and to familiarise them with the next phase.

English Home Language is a complementary subject which provides additional opportunities for specific learners at a more challenging pace. This subject raises the expectations in terms of the number and complexity of tasks to be completed, as the year progresses.

English consists of the following skills:

- **Listening & speaking:** Listening and speaking incorporates a wide range of text types, such as newspaper articles, biographies, dialogues, plays and folklore. Children are encouraged to listen to different kinds of oral texts and respond appropriately. They also actively participate in conversations and discussions. Children use interaction skills and strategies to work in groups independently.
- **Reading and viewing:** Children get the opportunity to view and comment critically and independently on various visual and multi-media texts. They will learn to identify and discuss the key features of good writing such as central idea, characters, setting and plot. They are encouraged to demonstrate independent reading (reading widely for pleasure, information and learning).
- **Writing and presenting:** The children write different kinds of texts for different purposes and audiences and they are motivated to develop and organise ideas through a writing process. Writing and Presenting is one of the key factors where they will use language to think, reason, investigate and explore.
- **Language structures and conventions:** Language learning should be a natural process, involving many opportunities to practice and produce the language. Language structures and conventions are taught in context and are integrated with the other language skills. Children become familiar with the language rules, grammar, word-level work and sentence-level work as identified in the CAPS.

Lessons can cover one single activity or a series of activities. Different texts are used as a basis for designing the two-week teaching cycle. They have been selected on the basis of how they link together to form an integrated unit, for example the children will listen to a story and then a read story. They will be asked to write a short oral description of a place or person (that will link to the story) or they might be asked to write a letter to a character in the story. A theme or topic for each two-week cycle will be selected to link the activities successfully. The reason for using themes or topics is to make it possible to constantly recycle vocabulary and language structures in meaningful contexts.

Homework will be given on an ongoing and balanced basis and must be taken very seriously. This will enhance continuous language development.

All comprehension assessments are conducted according to the Barrett's cognitive guidelines for languages. English is a challenging subject which requires constant hard work. A conscientious effort applied consistently by the child during the term will lay a sound foundation in preparation for these assessments. Parents are requested to assist *only when specified by the teacher*. It is important for children to work independently on a project in order to give a true assessment.

Various components are used together to consolidate the key language skills and to ensure full curriculum coverage. The main components are:

- *Via Afrika* (First Additional Language): Readers and Learner's Books
- Various story books which are kept in the class
- *Oxford English for Success* (Home Language): Reader and Learner's Books
- Various other classroom-based supplementary materials are available and are used (e.g. dictionaries, the Internet, newspapers).
- English Handbook and Study Guide – please note that only certain aspects in this textbook are discussed in Grade 5

### 5.8.3 Wiskunde

In Graad 5 word daar gebruik gemaak van die *Platinum-handboek*. Aanvullende bronne word ook gebruik vir sekere onderwerpe waar daar nie voldoende inligting in die handboek is nie. Elke Graad 5 ontvang aan die begin van die jaar 4 werkboeke.

Wiskunde is een van die vakke wat leerder moet deurkom om bevorder te word. Die minimum slaagvereiste is 40%.

Die kinders skryf elke dag aan die begin van die periode 'n hoofreken-toets. Die punte word deur die onderwyser opgeneem. Dit is 'n informele assessering en die Graad S's merk mekaar se werk terwyl die onderwyser vir hulle die antwoorde lees. **In graad 5 MOET DIE KINDERS ALREEDS HULLE TAFELS KEN en kan daar nie nog onnodige klastyd spandeer word om vir hulle tafels aan te leer nie. Dit is iets wat reeds by die huis gedoen moes gewees het.** As die kinders nie hul tafels ken nie gaan Graad 5 Wiskunde vir hulle ongelooflik moeilik wees, veral as dit kom by breuke.

Daar is 'n minimum van twee formele assesserings per kwartaal. In kwartaal twee en vier is een van hierdie assesserings die eksamen. Eksamenwerk is alle werk wat reeds gedoen is, met ander woorde aan die einde van die jaar skryf die leerders oor die hele jaar se werk. Alie formele assesserings word deur die onderwyser gemerk.

Alie vraestelle word volgens die vlakke van Bloom se taksonomie opgetel. Vraestelle en antwoordstelle sal na afloop van die toets/eksamen vir die kinders gegee word en saam met hulle deurgewerk word. Daarna sal die vraestelle ingeneem word. Geen antwoordstel sal huistoe gestuur word nie. Die vraestel en antwoordstel is beskikbaar by die skool indien ouers daarna wil kyk.

Graad S's ontvang op 'n daaglikse basis huiswerk/ klaswerk. Daar word vir hulle in die klas tyd gegee om aan huiswerk te werk. As hulle nie die werk voltooi nie, is dit huiswerk. Die doel van die huiswerk is nie om die kind onnodig besig te hou nie, maar om die werk wat behandel is in te oefen. Daar word vir die leerders genoeg tyd in die klas gegee om die werk te voltooi. Al die boeke word daaglik gekontroleer om seker te maak dat die werk voltooi is. Daarna word die werk saam met hulle gemerk. Al die antwoorde word volledig op die bord geskryf en die Graad S's merk self hul antwoorde. Indien die antwoord verkeerd is, moet die verbetering gedoen word.

Een periode 'n week word afgestaan om die departementele rooi-werksboeke te doen. Elke kind ontvang twee boeke vir Wiskunde gedurende die jaar; een vir kwartaal 1 en 2, en nog een vir kwartaal 3 en 4.

Vir verryking word daar gebruik gemaak van AMESA en Living Maths asook die WKOD se kompetisie. Almal skryf rondte een van elke vraestel. Daarna word die kinders wat kwalifiseer aangemoedig om die volgende rondte te skryf.

### 5.8.4 Natuurwetenskappe en Tegnologie

NWT is 'n lywige vak in Graad 5. Ons gebruik die *Platinum-handboek*. Elke kind ontvang aan die begin van die jaar twee werkboeke. Die eerste boek moenie weggegooi word as hulle klaar is daarmee nie, aangesien hulle dit gaan benodig vir die eksamen.

Graad S's doen elke kwartaal 'n praktiese opdrag in klastyd. Hu lie ontvang die opdrag lank genoeg voor die tyd om al hulle benodighede betyds by die skool te he. Indien hulle nie hul benodighede by die skool het as daar met die praktiese taak begin nie, gaan hulle nie genoeg tyd he om die opdrag te voltooi nie, aangesien geen ekstra tyd gegee sal word nie. Die taak is die kind se werk en nie die ouers s'n nie.

In kwartaal een en kwartaal drie skryf hulle 'n kwartaaltoets. Die punt word gekombineer met hul praktiese punt. Die tweede en vierde kwartaal is 'n eksamen kwartaal. In kwartaal twee skryf die Graad S's oor kwartaal een en twee se werk en kwartaal vier skryf hulle oor kwartaal drie en vier se werk.

Alie vraestelle word volgens die vlakke van Bloom se taksonomie opgestel. Vraestelle en antwoordstelle word na afloop van die toets/eksamen aan die kinders gegee, en word saam met hulle deurgewerk. Daarna word die vraestelle ingeneem. Die vraestel en antwoordstel is beskikbaar by die skool indien ouers daarna wil kyk. Geen vraestel of antwoordstel word huis toe gestuur nie.

Aangesien NWT'n inhoudsvak is, word Graad S's aangemoedig om gereeld (weekliks) hul werk op te som om die werkslading minder te maak vir die eksamen.

Alie werk word in die klas behandel en kinders word aangemoedig om spontaan aan klasgesprekke deel te neem en te vra indien daar iets is wat hulle nie verstaan nie. Hulle sal in die klas tyd kry om aan hul aktiwiteite te werk, maar indien hulle dit nie voltooi nie gaan dit huiswerk wees. Alie huiswerk word gekontroleer en daarna word die antwoorde bespreek of op die bord geskryf en die kinders moet hul werk merk en verbetering doen.

Daar word in die tweede en derde kwartaal 'n gedeelte behandel wat nie in die handboek is nie. Die werk handel oor stroombane en hoe 'n mens stroombane teken. Die Graad S's moet in daardie tyd goed oplet, aangesien die werk nie in hulle handboek is nie.

### **5.8.5 Sosiale Wetenskappe (Gesiedenis en Aardrykskunde)**

Die vak Sosiale Wetenskappe bestaan uit Gesiedenis en Aardrykskunde. Hierdie vakke word afsonderlik aangebied. Alhoewel hierdie vakke apart aangebied word, vul hulle mekaar aan. Asseseringspunte word afsonderlik vir elke vak op die rapporte aangedui, tesame met 'n gekombineerde punt, naamlik Sosiale Wetenskappe.

Sosiale Wetenskappe is inhoudsvakke wat daarop gerig is om geleenthede te verskaf om die kinders met nuwe oe na hul wereld te kyk. Hu lie word aangemoedig om deel te neem aan klasbesprekings ten einde inklusiwiteit in die klaskamer te bevorder en by ander te leer. Aktiwiteite word meestal in die klas gedoen waar toesig gehou en gemerk kan word met 'n klasbespreking wat daarop volg.

Graad S's het slegs een keer 'n week Aardrykskunde en een keer 'n week Gesiedenis. Indien daar huiswerk gegee word, is dit eers vir wanneer hulle weer daardie spesifieke vak het en nie noodwendig vir die volgende dag nie. Die hoeveelheid huiswerk wat hulle kry, sal van kind tot kind verskil. Klaswerk wat nie tydens klastyd voltooi word nie, word ook huiswerk. Met ander woorde; 'n kind wat sy/haar klastyd benut sal minder huiswerk he as 'n kind wat nie in die klas werk nie, of wat teen 'n stadiger pas werk.

Vir beide Aardrykskunde en Geskiedenis word formele assesserings elke kwartaal vereis. Formele assesserings sluit die volgende in: Projekte, take, gevallestudies, toetse en eksamens. Hierdie assesserings wissel kwartaalliks afhangende van wat die KABV-dokument vir daardie spesifieke leerarea vir daardie spesifieke kwartaal vereis.

In Graad S en 6 word kinders vir die Senior Fase voorberei. Hulle word aangemoedig om onafhanklik te wees en om self verantwoordelikheid te neem ten einde selfstandig te wees. Daarom word meeste van die assesserings tydens klastyd gedoen. By elke taak/projek word dit duidelik gemaak by watter aspekte van die projek/taak die ouers betrokke mag wees. Ouers moet dus 'n ondersteunende rol speel en nie 'n leidende rol nie. Graad S's moet aangemoedig word om self hul huiswerk en take te doen. Ouers se hulp kan ingeroep word vir ondersteuning en afronding.

Vir assesserings wat by die skool gedoen word, ontvang die Graad S's vroegtydig hul take/projekte saam met die datum waarop dit in die klas gedoen word. Diegene wat nie voorbereid skool toe kom met al hul inligting nie, gaan nie genoeg tyd hê om hul opdrag te voltooi nie. Almal kry dieselfde hoeveelheid tyd om aan hul opdrag te werk. Indien iemand afwesig is tydens die assessering (gevallestudie/take/projek/toets) moet hulle dit op 'n Vrydag na skool doen by die onderwyser wat aan diens is vir toetsing.

Vraestelle word nie huius toe gestuur nie. Na elke toets/eksamen word die vraestel en antwoordstel deeglik met die klas bespreek sodat hul presies kan weet waar hul punte verloor het.

Sosiale Wetenskappe is inhoudsvakke wat beteken dat Graad S's vroegtydig moet begin leer vir toetse en eksamens. Die werkslading in die Senior Fase is aansienlik meer as in die Internediëre Fase. Graad S's moet dus leer om self te beplan en huiswerk af te skryf ten einde selfstandig te wees.

Ouers moet vertrou dat onderwysers die belange van die kinders eerste stel en ten voile toegerus is om ons werk te doen.

### **5.8.6 Lewensvaardigheid: Persoonlike en Sosiale Welsyn**

Die vak Persoonlike en Sosiale Welsyn (PSW) is die studie van die self in verhouding tot die omgewing en die gemeenskap. PSW voorsien geleenthede aan die kinders om lewensvaardighede te beoefen wat benodig word om ingeligte besluite te neem ten opsigte van persoonlike leefstyl, gesondheid en sosiale welstand.

PSW word opgedeel in drie onderafdelings naamlik; ontwikkeling van die self, gesondheids- en omgewingsverantwoordelikheid en sosiale verantwoordelikheid. PSW is een van drie verwante studieveldde wat saam gekombineer word vir die rapportpunt vir Lewensvaardighede. Lewensvaardighede bestaan dus uit die volgende studieveldde: Persoonlike en Sosiale Welsyn, Liggaamlike Opvoeding en Skeppende Kunste.

PSW is 'n leerarea waarin kinders aangemoedig word om deel te neem aan die klasbesprekings. Daar word soveel as moontlik geleenthede aan leerders gegee om hul opinies met mekaar te deel, keuses te maak en hul eie menings te lig. Interaktiewe leer word aangemoedig om 'n inklusiewe atmosfeer in die klaskamer te skep.



Formele assesserings word kwartaalliks vir PSW vereis. Formele assesserings sluit die volgende in:  
Projekte, take, toetse, gevallestudies en eksamens. Hierdie assesserings wissel kwartaalliks afhangende van wat die KABV-dokument vir daardie spesifieke leerarea vir daardie spesifieke kwartaal vereis.